2:21; 3:7

- Om die bevelvoerder tevrede te stel

  1Korintiërs 10:31; 2Korintiërs 4:15; Kolossense 1:10; 1Tessalonisense 2:12

Die Atleet

- Ding mee volgens die reëls (:5)

  _____

- Gefokus op die oorwinning

  1Korintiërs 9:24 _____

- Dissipline

  1Korintiërs 9:25-27 _____

Die Boer

- Die roetine van die daaglikse lewe

Samevattend

- Christenskap vra opoffering
- Christenskap vra selfs dat jy bereid sal wees om te ly
- Christenskap vra dat jy jouself sekere dinge ontse.
- Christenskap vra blindelingse gehoorsaamheid.
- Die Christen kan 'n beloning te wagte wees

2Timoteus 2:7 Dink na oor wat ek sê; die Here sal jou insig gee om alles te verstaan.



Mens tot mens

Ondersteun mekaar en bid vir mekaar dat julle die gelowige lewe sal lei in die kragveld van God se Gees

Kerkstraat 24B (Walter Sisulu)
Posbus 101
Middelburg

Telefoon: +27(13)2827153
Faks: +27(13)2827153
E-pos: kantoor@witkerk.co.za

'n Biddende gemeente wat haar verdiep in God se Woord

Lewe in God se kragveld

Nederduitste
Gereformeerde Gemeente
Middelburg



Mens tot mens

Deel julle hartseer en vreugdes in die groep.

Gesels oor dit wat jou regtig moedeloos maak.



Mens tot God

Vra iemand om voor te gaan in gebed.

513 Soek in God jou sterkte

1. Soek in God jou sterkte;
kry by Hom jou krag;
met sy wapenrusting
klee Hy ons met mag.
Nie teen medemense
is ons worstelstryd,
maar ons veg teen Satan
en sy sluwe listigheid.
Hy stuur bose magte
in die wêreld in,
maar met God se wapens
kan ons hul oorwin.

2. Waarheid en Gods vryspraak
hou ons op ons pos,
dan klink bly die boodskap
dat die Heer verlos.
Ons geloofsvertroue
is 'n skild wat keer -
daarmee kan ons elke brandpyl
van die Bose weer.
Ons bly van verlossing
altyddeur bewus
en met God se swaard,
sy woorde, toegerus.



God tot mens

Lees 2 Timoteus 2:1-7 (Boodskap)

1 My liewe seun, al die goeie dinge wat God jou so onverdiend gee omdat jy ’n Christen is, moet jou motiveer en sterk laat staan. 2 Jy en baie ander het gehoor wat ek alles oor die Christelike dinge vertel het. Vertel dit nou weer vir mense wat jy kan vertrou sodat hulle dit weer vir ander kan vertel. 3 Ons kan sê jy is soos ’n soldaat van Christus. ’n Soldaat van Christus sal nie omgee om saam met die ander soldate swaar te kry vir Christus nie. 4 ’n Soldaat se werk is om te doen wat sy bevelvoerder vra. Hy moet hom nie besig hou met allerhande ander dingetjies wat niks met sy werk as soldaat te doen het nie. 5Laat ek nog ’n voorbeeld gee. Sê nou ’n atleet neem aan ’n resies deel. Hy sal net kan wen as hy al die reëls mooi nagekom het, anders word hy gediskwalifiseer. 6 Of dink aan dié voorbeeld: ’n boer wat hard werk, kan darem seker eerste van die vrugte van die oes proe. 7Dink mooi na oor wat ek sê. Die Here sal jou help om dit alles reg te verstaan.

Raak jy soms moeg en moedeloos met die lewe? Dit kan wees omdat jy die lewe in jou eie krag probeer aanvat. Paulus gebruik vier voorbeelde om vir Timoteus te skets hoe ‘n lewe in God se kragveld daar uitsien.

Die dissipelmaker (onderwysder) 2:2

Mark 16:15 _____

1Petrus 3:15 _____

1Timoteus 4:16 _____

Die Soldaat

2 Korintiërs 10:4-7_____

Efesiërs 6:11-14 _____

- Verduur ontberings

  2 Korintiërs 6:4; 2Timoteus 3:!1

- Soldaat in aktiewe diens

  1Korintiërs 3:9; Efesiërs 4:12; Kolossense 3:24; 2 Timoteus